# PARAATHEID (B)

## Graad 3

Weerbaarheidsvaardighede

8 ure

## Doel

Die doel is om die Penkop en Drawwertjie:

- met kennis en vaardigheid toe te rus om in krisissituasies op te tree.

## Spesialisasievereistes

Om hierdie kenteken te verwerf, moet die Penkop of Drawwertjie die onderstaande vereistes nakom en volledig afhandel:

1. Die gelykenis van die tien meisies lees en paraatheid bespreek aan hand van die Bybel. (Matteus 25:1-13)
2. Die gevare van paraffien- en gaslampe kan noem.
3. Die telefoonnommers van sy ouers, polisie en die brandweer ken.
4. Weet watter inligting jy nooit moet uitgee wanneer jy alleen by die huis is nie.
5. Die volgende in die huis kan doen:
   - Weet hoe om ’n telefoon te beantwoord en ’n oproep te maak.
   - Die voordeurklokkie beantwoord en weet wat die moontlike gevare is.
   - ’n Kers kan aansteek en veilig hanteer.
   - Batterye in ’n flits insit.
   - Weet waarom dit belangrik is om aan die huismense te sê waarheen jy gaan.
   - Weet waar die huisalarm se paniekknoppie is (indien van toepassing) en weet hoe en wanneer om dit te gebruik.
6. Weet hoe om op te tree in die volgende situasies:
   - ’n Skietery
   - Stormloop van mense
   - Inbraak
   - Beurtkrag
   - Elektriese storm
   - Motorkaping
   - ’n Huisbrand
7. Weet wat om te doen in die volgende mediese noodgevalle tuis:
   - Kan noem wat hy kan doen en wat hy kan gebruik om erge bloeding te stelp totdat hulp opdaag.
   - Skielike siekte tuis byvoorbeeld ’n hartaanval van ’n ouer.

## Spesialisasievereistes

8. Weet hoe om veilig te wees in openbare plekke:
   - Publieke toilette
   - Speelparke
   - Op straat
   - In ’n winkelsentrum
9. Leer van die gevare van die internet en vier wenke kan noem om homself veilig te hou wanneer hy die internet gebruik of aanlyn speletjies speel met maats.
10. Hou ’n groepbespreking om te bepaal wat die woord paraatheid beteken.

## Aanbieding

Vereiste 1: Die verhaal kan uit ’n Kinderbybel gelees word. Verduidelik dat paraat beteken om gereed en voorbereid te wees. Vyf van die tien meisies was voorbereid om langer te wag met hul lampies brandend omdat hulle ekstra olie gehad het, terwyl die ander vyf meisies se lampies doodgegaan het omdat hulle nie nog olie gehad het nie.

Vereiste 2: Demonstreer hoe om ’n gaslamp en ’n paraffienlamp aan te stuur.

Vereiste 3: Bekom die kinders se ouers se kontaknommers vooraf en kontroleer of hulle dit ken. Sit die nommers wat aangeleer moet word in die lokaal teen ’n muur op tydens die kamp sodat dit sigbaar bly en maklik vasgelê word.

Vereiste 4: Verduidelik die gevare daarvan om te sê jy is alleen tuis, hoe oud jy is, waar jy bly, waar jou ouers is en wanneer hulle tuiskom.

Vereiste 5: Van die punte is teoretiese kennis wat oorgedra moet word en ander is praktiese demonstrasie wat deur die kinders geoefen word.

Vereiste 6: Om hierdie vereiste aan te bied, kan die polisie genader word om te help.

Vereiste 7: Moenie volledige noodhulp hier aanbied nie. Dit gaan oor wat dadelik en vinnig gedoen moet word met wat tot jou beskikking is.

Vereiste 8: Moenie alleen in publieke toilette ingaan nie. Hou jou oë oop en kyk om jou rond wanneer jy in openbare plekke beweeg. Moenie besig wees met ’n selfoon wanneer jy op straat rondloop nie. Moenie afdwaal van ’n volwassene in ’n winkelsentrum nie. Bly weg van verlate strate, parke en leë geboue. Moenie in ’n speelpark speel sonder volwasse toesig nie. Moenie op die rand van ’n sypaadjie stap nie.

## Aanbieding

Vereiste 9: Moenie persoonlike inligting op die internet deel nie, moenie reageer op e-posse of boodskappe van vreemdelinge nie, moenie foto's aanstuur nie, moenie klik op skakels, aanhangsels oopmaak of geskenke aanvaar van iemand wat jy nie ken nie, moenie instem om iemand wat jy op die internet leer ken het te ontmoet nie, vertel jou ouers of 'n ander volwassene wat jy vertrou as jy hulp nodig het.

Vereiste 10: Gebruik die volgende reël van die Voortrekkerkode "'n Voortrekker is oplettend en weerbaar", om die gesprek te begin. Gee kinders geleentheid om te vertel hoe hulle paraatheid verstaan en gebruik dit as vertrekpunt om paraatheid te verduidelik.

Verhoed te alle tye dat paniek gesaai word. Die spesialisasie is bedoel om kalmte deur kennis en ervaring te bring en nie om kinders bang te maak nie. Moet geensins gebruik maak van insidente met tragiese gevolge in die aanbieding om 'n punt te versterk nie. Die kinders is nog te jonk vir sulke voorbeelde.

## Hulpbronne

1. Nooddienste
2. Video's op die internet

E-pos enige voorstelle of kommentaar oor die spesialisasie aan hoofkantoor@voortrekkers.co.za.